# WAT HOU ONS UITMEKAAR?*

*'n Inleidende gesprek oor die verhouding tussen die Gereformeerde Kerk(e) in Suid-Afrika en die Nederduits Gereformeerde Kerk(e).*

*Prof. J. H. van Wyk*

*Wat is gemeenskaplik?*

Herhaaldelik word die vraag gestel oor wát ons Afrikaanse kerkgroepe uitmekaar hou. Daar is immers soveel fundamentele dinge wat ons gemeenskaplik besit: Ons besit dieselfde Bybel; ons besit dieselfde Bybelvertaling waaraan vertalers uit al drie die Afrikaanse kerkgroepe hartlik saamgewerk het; ons besit dieselfde Bybelverklaring soos verwoord in die Bybel met verklarende aantekeninge; ons besit dieselfde drie ekumeniese en drie reformatoriese belydenisskrifte; ons besit kerkordes wat in 'n hoë mate ooreenstem; ons liturgiese gebruike stem ook in 'n groot mate ooreen, veral m.b.t. die Psalmberyming, Psalmmelodieë en liturgiese formuliere; en dikwels word, begryplikerwyse, bygevoeg: Ons dien dieselfde God en Here en ons gaan na dieselfde hemel!

*Wát hou ons dan uitmekaar?*

Is ons twee aparte kerkgroepe omdat die NGK naas Psalms ook nog Gesange sing, terwyl die GKSA net van Psalms en Skrifberyminge gebruik maak? Is dit omdat die NGK nagmaal vier met kelkies en in die banke, terwyl die GKSA van bekers en 'n tafel gebruik maak? Is dit omdat die ampsdraers in die NGK 'n ampsgewaad dra, terwyl die GKSA nie 'n ampsgewaad ken nie? Is dit omdat die NGK blomme in die kerkgebou plaas, omdat kore tydens eredienste sing, omdat daar doopsondae en bidure is?[1] Is dit omdat in 'n NG erediens van oop bordjies gebruik gemaak word terwyl die GKSA kollektesakkies gebruik?

Of is dit omdat die Doppers beswaard voel teen smette van kollegialisme en metodisme en etnosentrisme in die NGK? Is dit kerklike klimaatsverskille? Is dit dalk hoofsaaklik kerkhistoriese verskille?

Is die huidige verskille werklik groot genoeg om nog as aparte kerkgroepe te bly bestaan?[1.1]

*Die probleem*

Niemand kan ontken nie dat naarstig gepoog word om die kernverskille onder woorde te bring sodat almal maklik kan weet wáárom 'n bepaalde lidmaat aan "sy" kerk behoort. Tog het dit geblyk geen maklike taak te wees nie. Ds. L. S. Kruger het in 1956 'n poging aangewend om aan Gereformeerdes duidelik te maak *Waarom is u lid van die Gereformeerde Kerk?* Hoofsaaklik vanweë die negatiewe en generaliserende strekking van die boek het dit nie sterk inslag gevind nie en het dit selfs skerp reaksie van die NGK uitgelok.[2]

Voortdurend is oor die saak besin.[3] Belangrik is in hierdie verband die ontstaan van 'n *Tussenkerklike Kommissie* wat, veral sedert 1958, op sinodale vlak gepoog het om die interkerklike gesprek tussen die Afrikaanse kerkgroepe op gang te kry. Tot op datum is veral oor die *kerkbegrip* besin. Positiewe resultate het in 'n groot mate nog uitgebly. Ek voeg hieraan toe dat daar nie veel van kerkeenheid tereg sal kom as die sinodale gesprek nie ook op gemeentelike vlak deurgepraat word nie.

Belangrik is egter dat verskillende nasionale sinodes van die GKSA besluit het dat kerklike verskeurdheid sónde is (1964) en dat "die eenheid van die uitwendige kerk 'n goddelike eis en opdrag is" (1958). Die implikasie hiervan is dat broederlik met mekaar oor die verskille gepraat moet word "om sodoende te bring in een kerkverband" (1958).

Na aanleiding van 'n plaaslike interkerklike gesprek tussen die Geref. Kerk Johannesburg-Sentraal en die NGK Johannesburg (Braamfontein) sedert 1964, neem die Nasionale Sinode van die GKSA in 1970 egter die teleurstellende besluit dat "geen offisiële samesprekings intussen (d.w.s. terwyl die sinodale deputate daarmee besig is, JHvW) op plaaslike vlak daaroor sal plaasvind nie" aangesien die verhouding tussen kerkgroepe die "belydenis en kerkregering" raak. En dit terwyl dieselfde Sinode ook besluit het dat "Kerke wat in die GES deel, moet aangemoedig word om verskillende soorte kontak met ander Christelike kerke te bewerkstellig"!

Tydens die Nasionale Sinode van die GKSA van 1970 word die belangrike aankondiging gedoen dat die deputate van die drie Afrikaanse kerkgroepe 'n memorandum sal opstel "waarin die punte van ooreenstemming en die punte van verskil duidelik omlyn word". Helaas het hiervan na my wete niks tereg gekom nie en is die interkerklike gesprek hoofsaaklik op die kerkbegrip toegespits.[4]

Ek gaan 'n poging waag om vier aspekte van verskil na vore te bring in die hoop dat dit ons toekomstige gesprek kan bevorder.

1. *Kerkhistoriese verskille*

Dit is natuurlik waar dat ons nooit die bestaansreg van 'n kerkgroep in die hede kan regverdig bloot op grond van 'n historiese gebeurtenis in die verlede nie. Die bestaansreg van 'n kerkgroep moet vandag nog funksioneer. Dit het C. Veenhof tereg aangetoon in *Opbouw* (20 en 27 Jan. 1967).

Aan die ander kant is dit ook waar dat die kerkgeskiedenis vandag steeds as 'n verdelende faktor funksioneer en dat ons daarmee in die reine moet kom. Hierby kom die verskeie en verskillende interpretasies van die kerkgeskiedenis deur kerkhistorici uit die onderskeie kerkgroepe. Elkeen probeer sy eie saak in 'n groot mate regverdig. Vergelyk in hierdie verband slegs die geskiedbeskrywinge van J. P. Jooste, G. C. P. van der Vyver en B. Spoelstra met dié van G. D. Scholtz.

Wat ons vanuit Gereformeerde kant onhoudbaar vind, is die bewering dat die "afskeiding" van die GKSA bloot 'n kwessie van Gesange was en 'n daad van 'n opportunistiese individualis, ds. Dirk Postma – soos B. J. Odendaal in 'n groot mate voorgee.[5] Daarom kan ons dit ook nie aanvaar nie as gevra word "of hier ooit 'n "Gereformeerde Kerk" in Suid-Afrika sou gewees het as die gesangekwessie nie opgeduik het nie".[6]

Hiermee is natuurlik geensins beweer dat die Gesange nie inderdaad in die vorige eeu en rondom 1859 'n groot rol gespeel het nie. Dit was tog seker geen kleinigheid dat die Doppers, wat in die vorige eeu nog lidmate van die NGK (en NHK) was, onder sensuur geplaas is omdat hulle geweier het om Gesange te sing wat na hul oortuiging nie suiwer Bybels was nie. Kerkrade het immers geweier dat hulle kinders gedoop mag word of belydenis van die geloof kon doen.

Hierdie skynbaar klein *liturgiese* stryd blyk egter twee dieperliggende sake te ontbloot nl. 'n dogmatiese en kerkregtelike. Die vraag was: Is leersuiwerheid in die kerk onderhou as toegelaat was dat Gesange met leeronsuiwerhede gesing is? En verder: Is hierdie hele Gesangestryd nie deur die betrokke ringe en sinodes op 'n te rigoristiese en kollegialistiese wyse hanteer nie as gevolg waarvan 'n breuk noodwendig moes volg? Al hierdie vrae het veral G. C. P. van der Vyver in sy proefskrif indringend aan die orde gestel.

Nou mag ons natuurlik vra of die kool die sous werd was. Wás dit nodig om so 'n heftige stryd in die negentiende eeu oor die Gesange aan die gang te sit? Was die gesange dan werklik so onregsinnig?

Wat die 1814 Gesangbundel betref, wys ek, sonder om op te veel besonderhede in te gaan omdat dit ons te lank besig sal hou, slegs op die volgende:

(1) Die Gesange het in 'n tyd van geestelike laagwater ontstaan toe die teologie in Europa deur rasionalisme en oppervlakkigheid oorheers was.

(2) Die Gesange is aan die begin van die negentiende eeu in die Kaapse Kerk ingevoer "sonder dat amptelike sanksie daaraan verleen is"[8] of dat 'n sinode dit vooraf goedgekeur het.

(3) Sonder dat 'n studiekommissie ooit die saak ondersoek het, het die Ring van Graaff-Reinet in 1833 besluit dat die Evangeliese Gesangboek "volgens Gods Woord is . . . en dat die vergadering verwag dat alle weldenkende Christene in die Ring se ressort daarvan gebruik sal maak".[9]

(4) Dit is 'n feit dat die 1814 Gesangbundel herhaaldelik hersien is en dat met die loop van jare heelwat Gesange met 'n twyfelagtige inhoud verander of weggelaat is.[10]

Omdat ek maklik van subjektivisme beskuldig mag word, verwys ek onmiddellik na uitsprake van dr. Attie van der Colf in hierdie verband. Hy sê die volgende: "Die *wêreldontvlugtende neiging* by sommige Gesange is hersien. Neem byvoorbeeld Ges. 22, 'Rus my siel'. In die nuwe Ges. 292 is met invoeging van twee nuwe strofes, die morbiede toon weggewerk. Ná 'n 'teregwysing', volg nou 'n duidelike Christelike perspektief:

*Soos die mens het die*
*Christus*
*hier gelewe in die tyd;*
*soos die Christus sal Gods*
*kinders*
*lewe in die ewigheid.*

"Die neiging om die *gawe bo die Gewer* te besing is selfs in 'n geliefde lied soos Ges. 12 raakgesien. 'O goedheid Gods, hier nooit volprese!' klink nou: 'U goedheid, Heer, kan ons nie peil nie' (Ges. 40).

"Aan Ges. 7 het ons so lekker gesing dat ons nooit die *vaagheid* van die beskouing aangaande God daarin gemerk het nie. In die nuwe boek is die verouderde 'oweral' uitgeskakel en word God persoonlik bely as: 'my God'. In die nuwe tweede strofe word Hy pertinent bely as Skepper en Onderhouer, wat Hom openbaar in sy woord en deur sy helpende hand:

*Hy laat ons oor die lewe*
*vanuit sy Woord besin.*
*Wanneer ons denke*
*doodloop*
*en ons nie verder weet,*
*as ons verval in wanhoop,*
*is God tot hulp gereed.*

"Die *seisoengesange* en sommige *patriotiese gesange* is weggelaat omdat hulle die toets van die Skrif nie kon deurstaan nie".[11]

Laat ek onmiddellik hier byvoeg dat die 1978 Gesangbundel, waaraan soveel hersieningskommissies gewerk het, van 'n veel hoër dogmatiese – en poëtiese – gehalte is as dié van 1814. Ek het dit reeds eerder gesê en wil dit hier graag herhaal: "Dit is myns insiens selfs 'n ope vraag of die Doppers in die vorige eeu so heftig teen die Gesange in verset sou gekom het as dié van 1814 van dieselfde teologiese gehalte gewees het as dié van 1978".[12]

Hiermee is ons terug by die standpunt van prof. Dirk Postma, "stigter" van die GKSA, wat in kort daarop neerkom dat hy geen beswaar het om van 'n gesang of vrye lied in die kerk gebruik te maak nie mits die gesang regsinnig is en dat die sing daarvan geen skeuring in die kerk veroorsaak nie. Hierdie standpunt is natuurlik nie die huidige standpunt van die GKSA nie soos verwoord in art. 69 van sy Kerkorde waar bepaal word dat slegs die 150 Psalms en die 48 Skrifberymings in 'n erediens gesing mag word.[13] Dit is begryplik dat sommige vandag meen dat Postma met sy gesangebeskouing amper "te ver gegaan het met sy toegeeflikheid om 'n skeuring te voorkom".[14]

In elk geval kan verwag word dat die saak van die vrye kerklied, wat in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis so 'n groot rol gespeel het, ook in ons huidige diskussies 'n belangrike plek sal inneem. Op grond van die Skrifgegewens in Efes. 5 : 19 en Kol. 3 : 16, waar Paulus handel oor die sing van geestelike liedere, is dit ook niks minder as reg dat ons hieroor verder sal besin nie. Trouens, dit is bekend dat alhoewel Calvyn die Psalms as die beste kerklied beskou het, hy tog nie daarmee die vrye kerklied prinsipieel afgewys het nie.[15]

Ek voeg hieraan terloops toe dat ek hoop dat die NGK, wat reeds in 1978 besluit het tot 'n nuwe Psalmberyming, en die GKSA mekaar oor hierdie aangeleentheid sal vind sodat ons in die nabye toekoms nie dalk met twee verskillende Psalmbundels sal sit wat ons vervreemding verder sal vergroot nie.

Dit skyn byna of ek met bogenoemde uiteensetting die ganse Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis van die negentiende eeu saamtrek as 'n Gesangekwessie en nie ingegaan het op die wye spektrum van liberalisme waarop T. N. Hanekom in sy boek wys nie.[16] Hierdie skyn wil ek graag weerspreek. Maar omdat daar soveel stryd in die kerkgeskiedenis rondom die Gesange ontstaan het en omdat dit ook in die huidige diskussie 'n belangrike plek behoort in te neem, is opsetlik heelwat aandag daaraan bestee.

2. *Leerstellige verskilpunte*

Ek het reeds gewys op die feit dat die leerstellige inhoud van die nuwe Gesange van 'n hoë gehalte is. Daaroor hoef ons nie meer te stry nie.

Verder het ons, soos reeds genoem, dieselfde belydenisskrifte, hoewel daar sekerlik ten opsigte hiervan aksentverskille tussen beide kerkgroepe voorkom. Dit is vir die Doppers bv. nog altyd 'n onverklaarbare saak dat die NGK daarin kon slaag om 'n systroom van metodisme en piëtisme te akkommodeer.[17] Ek meen dat dit juis hierdie aspek van metodisme is wat ons toenadering in die toekoms in 'n baie groot mate in die weg sal staan. Natuurlik mag ons nie hier generaliseer en sê dat die ganse NGK metodisties is nie. Dit sou 'n growwe vertekening wees. Maar tog moet gesê word dat daar plek-plek nog duidelike voorbeelde van metodisme sigbaar word en dat sodoende die reformatoriese belydenis ondermyn word.

Hierdie verskil speel ook in die prediking deur, waar naas spore van metodisme, ook spore van 'n volkskerk sigbaar word. Ongelukkig verskyn daar na my wete nie veel preekbundels van die kant van NG predikante nie en dus mag ons ook hier nie veralgemeen nie. Tog lewer 'n "preekbundel" soos die van ds. G. J. J. Boshoff, *U volk is my volk,*[18] 'n bewys van hoedat die grense van kerk en volk vervloei. Ook die bundel *Hy was groot en gelief* kan as voorbeeld dien. Hierin word bv. die dood van dr. Verwoerd vergelyk met die offer van Isak deur Abraham en verklaar: "Neem jou grootste seun, Suid-Afrika, en gaan offer hom op een van die berge wat Ek sal aanwys". "Net soos met Abraham se seun het hy vir ons die belofte van die toekoms geword".[19]

Ek stap egter van hierdie probleem af omdat hierdie tendens seker in alle Afrikaanse kerkgroepe, ook die GKSA,[21] merkbaar is. Veel belowender is myns insiens die onlangse strydgesprekke tussen NGK teoloë in *Die Burger* en wel i.v.m. die geld wat die NGK van die gewese Departement van Inligting ontvang het.[21] Uit hierdie diskussie het baie duidelik geblyk dat daar 'n groot aantal invloedryke NG teoloë is wat volkome afstand gedoen het van die volkskerkgedagte en hulle daarvoor beywer om die kerk waarlik kerk van Jesus Christus te hou. Sprekend is verder ook die onttrekking van die Wes-Kaaplandse streeksinode aan Sabra. Daar ontwikkel ook, as my aanvoeling korrek is, 'n groter kongenialiteit tussen jonger teoloë uit beide kerkgroepe. Oor veel prinsipiële sake is daar 'n groot mate van eenstemmigheid. Hierdie positiewe stand van sake is in 'n groot mate toe te skryf aan die werk van teologiese professore en teologiese skole van beide kerkgroepe. Of eintlik moet ek sê: Dit is die werk van die Gees van God!

Hoopvol is ook dat ons almeer dieselfde "kerktaal" begin praat: Kerkorde i.p.v. kerkwet, geloofsbelydenis i.p.v. aanneming of voorstelling, kategese i.p.v. Sondagskool, attestasie i.p.v. bewys van lidmaatskap ensovoorts.

Hierdie belofteryke ontwikkeling word egter in 'n mate getemper deur die feit dat daar in die NGK nog steeds brakkolle van metodisme sigbaar is en dit vorm, eerlik gesproke, 'n groot stuikelblok op pad na eenheid.[22] Laat ons egter onmiddellik byvoeg dat die NGK sekerlik ook probleme het met smette van dogmatisme wat soms die GKSA ontsier.

3. *Kerkregtelike verskille*

S. du Toit het by geleentheid gesê dat dit die kerkreg van die kollegialisme is "wat ons vereniging in die toekoms nog die meeste in die weg sal staan".[22] Hy en W. D. Jonker het in 1959 in 'n reeks artikels swaarde gekruis i.v.m. die kerkregering.[24] Volgens Du Toit het die NGK met sy

nuwe Kerkorde, wat die Wette en Bepalinge vervang het, gebreek met die kerkreg van De Mist, terwyl Jonker dit bloot as 'n "nuwe vormgewing" en nie as "verandering van stelsel" gesien het nie.

Ons kan die probleemvraag daar laat of die nuwe Kerkorde 'n wesens- of vormverandering beteken. Feit is dat Jonker self in 1962 die aandag gevestig het op onskriftuurlike elemente in die *Sendingbepalinge van die Ned. Gereformeerde Kerk in Transvaal*[25] en dat hy in 1965 dit nodig geag het om pertinent die aandag daarop te vestig dat *Christus* sy kerk deur sy Woord en Gees regeer.[26] J. H. P. van Rooyen het myns insiens ook oortuigend aangetoon dat die NGK (ring) die hele saak rondom die Christelike Instituut op kollegialistiese wyse hanteer het.[27]

Die wyse waarop die moderatuur en moderator tussen sinodesittings funksioneer, ondanks die feit dat hulle volgens Kerkorde bloot 'n "kommissie van die sinode" is (art. 40.1) en geen synodus contracta nie, bly vir die GKSA ook steeds 'n groot probleem.

Dit is interessant om daarop te wys dat juis die volkskerkgedagte ook by die kerkregering sy kop uitsteek. Dit gaan hier nl. oor die vraag na die eenheid van die "moederkerk" en die "dogterkerke" (tans: "susterkerke") soos vergestalt in een sinode, 'n saak waarvoor W. D. Jonker reeds sedert 1962[28] en ook daarna[29] gepleit het, maar 'n standpunt wat ook talle teenstanders het.[30] Hierdie "sinodale eenheid" is ook deur die Algemene Sinode van die NGK in 1978 afgewys: "Die Sinode stel steeds 'n hoë prys op die beleid van verskillende kerke vir verskillende volksgroepe".[31]

Hierteenoor besit die GKSA – en laat ons beskeie wees: eers sedert 1965! – één Algemene Sinode wat saamgestel is uit die vier nasionale sinodes, omdat ons van oortuiging is dat die "kerkverband verder strek as nasionale en/of territoriale grense". Die feit dat die "blanke" NGK Sinode weier om die Federale Raad van Kerke af te skaf en oor te gaan tot die oproep van een algemene sinode, laat die vraag ontstaan of die volkskerkgedagte nie nog in hierdie opsig sterk leef in die NGK nie – afgesien nog van ander probleemvelde wat die besluit van 1978 ontbloot het soos groter polarisasie tussen die "wit" en "swart" kerke, asook die verdere problematisering van die ekumeniese kontakte van die "wit" en "swart" kerke ensovoorts.

Nadat dit alles gesê is, moet die vraag natuurlik nog beantwoord word watter plek aan die kerkregering i.v.m. die vraag na kerkeenheid toegeken moet word. Hoewel hulle deur ander weerspreek word, is daar steeds diegene wat van oordeel is dat bv. Calvyn nie honderd persent vir 'n presbiteriale kerkregeringstelsel gekies het nie[32] en dat hy geen beginselbesware teen 'n episkopaalse stelsel gehad het nie.[33] Besonder interessant is dit daarom dat die basisformule van die GES onder meer soos volg lui: "Because of the diversity in forms of government of the Reformed Churches, uniformity of church policy cannot be stressed as a fundamental requisite . . ."[34]

In talle studies is egter aangetoon dat die regering van die kerk van Christus nie maar net 'n saak van welwese is nie maar inderdaad ook die wése van die kerk raak en daarom behoort die interkerklike gesprek ook oor die kerkregering te handel.

4. *Liturgiese verskille*

Dit is bekend dat daar tussen die GKSA en die NGK verskilpunte is t.o.v. die liturgie en kerklike seremonies. Ek het tewens reeds daarna verwys. Hier dink 'n mens aan sake soos die kerklied, koorsang, wyse van nagmaalviering, ampsgewaad, kollektehouers ensovoorts.

Die groot vraag hier is of liturgiese verskille as 'n kerkverskeurende motief mag dien.

Dit is bv. bekend dat Calvyn t.o.v. die seremonies 'n groot mate van vryheid aan die kerke toegelaat het. So het hy die Franse vlugtelinggemeente in Basel, wat gaste by die Lutherse Kerk was, geadviseer dat die een by die ander moet aanpas in al die seremonies wat geen beslissende invloed op die belydenis van die geloof het nie sodat die eenheid van die kerk nie deur ons te grote gestrengheid of beangsheid verstoor word nie. Hy wou die eenheid veel eerder soek in die leer en gevoelens as om eiewys vas te hou aan die noukeurige ooreenkoms in die vorm van die erediens.[35] I.v.m. die twis oor liturgie in die Engelse vlugtelinggemeente te Frankryk adviseer Calvyn dat die "externi ritus" behoort tot die "mediae res" waarin verdraagsaamheid betoon moet word.[36]

Calvyn was van mening dat, solank daar eenstemmigheid in leer is, verskille in liturgie en kerkorde nie kerkskeidend mag wees nie.[37]

Dit beteken natuurlik nie dat Calvyn ook skerp uitsprake kon doen oor die onskriftuurlike seremonies by die Lutherane en Anglikane nie en selfs kon praat van "verdraaglike dwaashede" in die Anglikaanse liturgie wat stelselmatig opgeruim kan word.[38]

Geheel in lyn met die standpunt van Calvyn lui art. 85 van die Kerkorde van die GKSA: "In middelmatige dinge moet die buitelandse kerke by wie ander gebruike as by ons in swang is, nie veroordeel word nie".

Opvallend is ook dat in die basisformule van die GES geen enkele verwysing na die suiwerste vorm van liturgie voorkom nie.

Dit is dus 'n ope vraag of die bekende trits van "leer, diens en tug" 'n suiwere vertolking is van die reformatoriese standpunt en of die invoeging van die *(ere-)diens* nie 'n oorskryding is van bv. die standpunt van Calvyn nie – in elke geval wat die *formele* en nie *fundamentele* aspekte betref nie.

Konkreet toegepas op ons Suid-Afrikaanse situasie beteken dit dat ons die vraag moet stel of die liturgiese verskille werklik so fundamenteel is en so die ware kerkwees aantas dat dit kerkeenheid heeltemal onmoontlik maak. Maar ook die liturgiese verskille moet deurgepraat word.

*Slot*[39]

(1) In die lig van die Nuwe Testamentiese gegewens oor die eenheid van die kerk (o.a. Efes. 4 : 3–6, Joh. 17 : 21) kan slegs gekonkludeer word dat kerklike verdeeldheid sonde is.

(2) In die lig van die Nuwe Testamentiese getuienis is die herstel van die gebroke eenheid 'n roeping en opdrag.

(3) Die stryd vir die eenheid van die kerk moet benader word vanuit die omvattende konsepsie van die Koninkryk van God, wat die belangrikste saak ter wêreld is.

(4) Drie stadia moet op weg na kerkeenheid onderskei word, hoewel die lyne mekaar dikwels deurkruis: dialogiese eenheid, koöperatiewe eenheid en korporatiewe eenheid.

(5) Die plek waar saamgespreek behoort te word, is sowel die nasionale sinode as die plaaslike gemeente.
(6) Die eenheid wat nagestreef word, moet 'n *duur* eenheid wees: 'n eenheid-in-waarheid.

---

* *Voordrag, Stellenbosch, 1 Mei 1980.*

Voetnotas

(1) Vgl. Kruger, L. S., 1965, *Waarom is u lid van die Gereformeerde Kerk?*, Pretoria, 136–156.
(1.1) Vgl. my art, *Hoever mag kerke uitmekaar wees om uitmekaar te bly* in: *Kruispunte*, Jan. 1968.
(2) Vgl. *Die Kerkbode*, 2 en 9 Sept. 1964.
(3) Vgl. Van Wyk, J. H., Des. 1972, Kerklike Kontak tussen die Afrikaanse en Engelse Kerkgroepe in Suid-Afrika, In die Skriflig, 6 (24) : 11–44, asook Borchardt, C. F. A., Junie 1974, *Die betrekking tussen die drie Afrikaanse Kerke 1886–1973, Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, XV (3) : 181–203.
(4) Vgl. *Gesprek tussen Afrikaanse Kerke, Die Kerkblad*, 17 Okt. 1979, 1.
(5) Odendaal, B. J., 1957, *Die Kerklike Betrekkings tussen Suid-Afrika en Nederland (1652–1952) veral met betrekking tot die Ned. Geref. Kerk*, Franeker: T. Wever, 139, 141, 143.
(6) A. König in *Die Kerkbode*, 21 Sept. 1966, 409.
(7) Van der Vyver, G. C. P., 1958, *Professor Dirk Postma 1818–1890, Potchefstroom: Pro Rege Pers, 489.*
*(8) Du Toït, H. D. A., Die Kerkbode*, 3 Okt. 1962 en Du Toit, S, *Handleiding vir die studie van die Kerkgeskiedenis*, Potchefstroom 1958 (5), 139.
(9) Vgl. Van der Vyver, a.w., 213–214.
(10) Pleidooie en motiveringe vir hersiening is te vind by oa: J. J. Muller, *Die Kerbode*, 24 Nov. 1954; F. G. Gaum, *Die Kerkbode*, 18 Okt. 1978 ("baie keer ook leerstellige probleme"). Vgl. ook *Die Kerkbode* van 14 Mei 1969. Vgl. ook W. Mudde i.v.m. die bundel van 1806 van die Nederlandse Hervormde Kerk: "meer een vaderlands dan kerkelijk karakter en sterk door de tijdsgeest bepaald". *(Christelijke Encyclopedie* IV, Kampen 1952 (2), 228).
(11) Dr. Attie van der Colf, *Ewige waarhede nuut bewoord, Handhaaf*, Maart 1979, 14. Eweneens sy *Wat maak die Gesange nuut, Die Kerkbode*, 7 Nov. 1979.
(12) In *Die Wingerdstok* (Klassisblad Boland), No. 1978, 1.
(13) Vgl. Kruger, M. A., sj. *Wat moet ons sing in Godsdiens en Erediens?*, Windhoek en Van Wyk J. H., *Oor Psalms en Gesange, Die Boodskapper* (Klassisblad Translimpopo) 3 (3), Julie 1964 (11–24).
(14) Spoelstra, B, 1964(2), *Beknopte Kerkgeskiedenis vir Katkisasie*, Potchefstroom, 119.
(15) Hierop wys V. E. d'Assonville in *Die Kerkblad*, 15 Nov. 1978 (nie "eksklusief" Psalms nie) (m.v.n. Hasper, H., 1955, *Calvijns beginsel voor den zang van den eredienst*, s'Gravenhage). Ook Kempff, Dion, Mrt. 1980, *In die Skriflig* (45–47). P. W. Buys oordeel anders in *Die Kerkblad* van 1 Nov. 1978 en so ook Van Wyk T. G., 1979, *Ek sing 'n lofsang by my snare: Die Psalms as lied in die erediens*, Pretoria. Interessant is G. Dekker se opmerking dat waar Totius in die Psalmberyming " 'n gedagte ingevoer het, wat nie in die teks self staan nie, het hy oorspronklik gewoonlik in 'n voetnoot verwys na die Bybelteks waaraan dit ontleen is" *(Die Afrikaanse Psalmberyming*, Pretoria, 1938, 15).
(16) Hanekom, T. N., 1951 *Die Liberale Rigting in Suid-Afrika*, Stellenbosch.
(17) Vgl. Du Toit J. D., *Het Metodisme* (opgeneem in *Versamelde Werke van J. D. du Toit VIII*, Johannesburg 1962).
(18) Boshoff G. J. J., 1959, *U volk is my volk*, Johannesburg.
(19) Hattingh C, 1967, *Hy was groot en gelief*, Johannesburg, 159.
(20) Vgl. sommige preke van Van der Walt S. J., 1977, *Maranáta: Die Here kom*, Pretoria.
(21) Vgl. *Die Burger*, Aug.-Sept. 1979.

(22) Vgl. hier Van der Vyver, G. C. P. e.a., 1975, *"Revival" of Reformasie?: 'n Studie oor Metodisme*, Potchefstroom.

(23) In: *Eeufees te Rustenburg*, Potchefstroom 1959, 151. Vgl. hier ook Piet Meiring en H. I. L. Lederle, *Die eenheid van die kerk*, Tafelberg, 1979, veral 143–144. (Hierdie boek het my bereik ná die voltooiing van hierdie opstel).

(24) Vgl. o.a. *Die Kerkblad*, 26 Aug. en 16 Sept. 1959. W. D. Jonker het later die gesprek in *Die Kerkbode* voortgesit. Vgl. Brown, E., Sept. 1959, *Die spoor wat die Ned. Geref. Kerk in sy kerkregering en kerkreg gedurende die 20e eeu gevolg het*, *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, XX (4) : 277–304.

(25) Jonker, D. W., 1962. *Die Sendingbepalinge van die Ned. Gereformeerde Kerk van Transvaal*, Potchefstroom.

(26) Jonker, W. D., 1965, *Om die Regering van Christus in sy kerk*, Pretoria.

(27) Van Rooyen, J. H. P., 1970, *Kerklike Tug – 'n Heilige Saak*, Johannesburg.

(28) Jonker, *Sendingbepalinge a.w., 52–53.*

*(29) In Die Kerbode*, 16 Aug. 1978.

(30) Potgieter, F. J. M., 1977, *'n Oorkoepelende Sinode?*, Kaapstad; Vorster J. D. (red.), 1978, *Veelvormigheid en eenheid*, Kaapstad.

(31) *Die Kerkbode*, 15 Nov. 1978, 613.

(32) Boon, R., 1965, *Apostolisch Ambt en Reformatie: Primair Probleem der Oecumene*, Nijkerk, 201–202.

(33) Nijenhuis, W., 1959, *Calvinus Oecumenicus: Calvijn en de eenheid der kerk in het licht van zijn briefwisseling*, 's-Gravenhage, 210.

(34) *Agenda/Reports RES 1968*, 215.

(35) By Volten, 1962, *Rondom het Belijden der Kerk*, Kampen, 197.

(36) Nijenhuis, a.w., 213.

(37) Nijenhuis, a.w., 303.

(38) Nijenhuis, a.w., 213, 214.

(39) Vgl. Van Wyk, J. H., 1976, *Kerklike Verdeeldheid, Polumnia* (Publikasie Teologiese Seminarium Stellenbosch), 15–18. Soos duidelik uit die opstel blyk, was dit geskryf voor die publikasie van J. C. Krüger se boek, *Kerkvereniging in die lig van Uitverkiesing en Bekering*, Pretoria, 1980, waarin hy 'n poging aanwend om 'n bydrae ten opsigte van kerkeenheid te lewer – op 'n myns insiens nie baie geslaagde wyse nie. P. B. van der Watt oordeel dat "die destydse prinsipiële geskille . . . vandag nie meer relevant is nie – hulle bestaansgrond het verval" *(Die drie Afrikaanse Kerke – 'n kontemporêre uitdaging* . . . in: *Skrif en Kerk*, 1981, 2 (1) : 41.